

ST. SABAS

5 DESEMBER

(439-532)



Hierdie heilige word tereg beskou as een van die eerste ware monnike. Nadat hy as kluisenaar op verskillende plekke in die destydse Palestina gewoon het, stig hy omstreeks 478 'n laura, oftewel 'n gemeenskap van kluisenaars in 'n kloof tussen Jerusalem en die Dooie See. Hierdie Mar Sabasklooster bestaan vandag nog in moderne Israel en is dus een van die oudste Christelike kloosters in die wêreld. Sabas se lewe van stilte en gewyde eensaamheid het deur die eeue heen soveel opregte Godsoekers na eenwording met die Here gelei.